18. (1) (a) The National Treasury may, when it stops a Schedule 4, 5 or 6 allocation in terms of section 17, after consultation with the transferring national officer and the relevant provincial treasury, determine that a portion of the allocation that will not be spent be re-allocated, as the same type of grant allocation as it was allocated originally, to one or more provinces or municipalities, on condition that the allocation will be spent in the financial year or the next financial year. 35 40

(b) The re-allocation of a portion of an allocation or the full allocation on condition that the allocation will be spent in the next financial year, in terms of paragraph (a), must be deemed to be a roll-over approved by the National Treasury in terms of section 20(2)(a), and the roll-over process set out in Treasury Regulation 6.4.2 would not need to be followed. 45

(2) (a) Despite subsection (1), the National Treasury may, when an intervention in terms of the Constitution or section 137, 139 or 150 of the Municipal Finance Management Act is taking place, on such conditions as it may determine, authorise—

(i) in relation to section 100 of the Constitution, the transferring national officer to spend an allocation stopped in terms of section 17 on behalf of the relevant province; 50

(ii) in relation to section 139 of the Constitution and sections 137 and 139 of the Municipal Finance Management Act, the intervening province to spend an allocation stopped in terms of section 17 on behalf of the relevant municipality; or 55

munisipaliteit weerhou, indien die omstandighede in subartikel (1) uiteengesit, wel bestaan.

(b) 'n Ontvangsbeampte moet, voordat 'n oordrag aan 'n geakkrediteerde munisipaliteit weerhou word, voldoen aan die kennisgewing in subartikels (3) en (4) gestipuleer.

(c) 'n Ontvangsbeampte kan die oordragings- nasionale beampte versoek om die goedkeuring van die Nasionale Tesourie te vra dat 'n oordrag aan 'n geakkrediteerde munisipaliteit, ingevolge subartikel (5), weerhou word vir 'n tydperk van langer as 30 dae.

Staking van toekenning

17. (1) Ondanks artikel 16 kan die Nasionale Tesourie, na sy goëddunke of op versoek van 'n oordragings- nasionale beampte, of 'n ontvangsbeampte in die geval van die Ontwikkelingstoekenning vir Menslike Nedersettings, die oordrag van 'n Bylae 4-, 5- of 6-toekenning bedoel in artikel 16(1) aan 'n provinsie of munisipaliteit staak—

(a) op grond van die volgehoue en wesenlike nie-voldoening aan— 15

(i) die bepalings van hierdie Wet; of

(ii) 'n voorwaarde waaraan die toekenning, soos bepaal in die betrokke raamwerk, onderworpe is; of

(b) indien die Nasionale Tesourie in die vooruitsig stel dat 'n provinsie of munisipaliteit in die boekjaar wesenlik op daardie program of toekenning sal onderbestee. 20

(2) Die Nasionale Tesourie moet, wanneer 'n toekenning ingevolge hierdie artikel gestaak word—

(a) voldoen aan die vereistes uiteengesit in artikel 16(3)(a), en ten opsigte van 'n munisipaliteit, ook aan die vereistes van artikel 38 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur; en 25

(b) die betrokke provinsiale tesourie in kennis stel van sy voorneme om die toekenning te staak.

(3) Enige staking van 'n toekenning beoog in subartikel (1) moet, tesame met 'n verduidelikende memorandum, deur die Nasionale Tesourie in die *Staatskoerant* gepubliseer word. 30

(4) (a) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, goedkeur dat 'n toekenning of enige gedeelte van sodanige toekenning wat ingevolge subartikel (1) gestaak is, aangewend word om daardie provinsie of munisipaliteit se uitstaande wetlike en kontraktuele finansiële verpligtinge na te kom. 35

(b) Die aanwending van fondse beoog in hierdie subartikel is 'n regstreekse las teen die Nasionale Inkomstefonds.

Hertoekenning van fondse

18. (1) (a) Die Nasionale Tesourie kan, wanneer 'n Bylae 4-, 5- of 6-toekenning ingevolge artikel 17 gestaak word, ná oorleg met die oordragings- nasionale beampte en die tersaaklike provinsiale tesourie, bepaal dat 'n gedeelte van die toekenning wat nie bestee gaan word nie, hertoegeken word, as dieselfde soort toekenning wat oorspronklik toegeken is, aan een of meer provinsies of munisipaliteite, op voorwaarde dat die toekenning in die boekjaar of in die volgende boekjaar bestee gaan word. 40

(b) Die hertoekenning van 'n gedeelte van 'n toekenning of die volle toekenning op voorwaarde dat die toekenning, ingevolge paragraaf (a), in die volgende boekjaar bestee sal word, moet geag word 'n oorrolbedrag te wees wat deur die Nasionale Tesourie goedgekeur is ingevolge artikel 20(2)(a), en dit sal nie nodig wees om die oorrolproses uiteengesit in Tesourieregulasie 6.4.2 te volg nie. 45

(2) (a) Ondanks subartikel (1) kan die Nasionale Tesourie, wanneer 'n ingryping ingevolge die Grondwet of artikel 137, 139 of 150 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur plaasvind, op die voorwaardes deur hom goedgekeur— 50

(i) met betrekking tot artikel 100 van die Grondwet, magtiging verleen aan die oordragings- nasionale beampte om 'n toekenning gestaak ingevolge artikel 17 namens die betrokke provinsie te bestee; 55

(ii) met betrekking tot artikel 139 van die Grondwet en artikels 137 en 139 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, magtiging verleen aan die provinsie wat ingryp om 'n toekenning gestaak ingevolge artikel 17 namens die betrokke munisipaliteit te bestee; of

(iii) in relation to section 150 of the Municipal Finance Management Act, the relevant transferring national officer to spend an allocation stopped in terms of section 17 on behalf of the relevant municipality.

(b) An allocation that is spent by the transferring national officer or intervening province referred to in paragraph (a) must, for the purposes of this Act, be regarded as a Schedule 7 allocation from the date on which the authorisation is given. 5

Conversion of Schedule 6 and Schedule 7 allocations

19. (1) The National Treasury may, in its discretion or at the request of the transferring national officer, convert an allocation listed in Schedule 6 to become an allocation listed in Schedule 7, or convert an allocation listed in Schedule 7 to become an allocation listed in Schedule 6, if the National Treasury is satisfied that the conversion will prevent under-spending on the allocation. 10

(2) An allocation that is converted in terms of this section must be paid to or expended on behalf of the same municipality to which the allocation was originally made.

(3) A conversion referred to in subsection (1) takes effect on the date of publication referred to in section 14(2)(c). 15

(4) The National Treasury must inform the transferring national officer and each affected receiving municipality of a conversion.

Unspent conditional allocations

20. (1) Despite the provisions of the Public Finance Management Act or the Municipal Finance Management Act relating to roll-overs, any conditional allocation, excluding the Gautrain Rapid Rail Link Grant and the Expanded Public Works Programme Incentive Grant, that is, in the case of a province, not spent at the end of a financial year or, in the case of a municipality, at the end of a municipal financial year, reverts to the National Revenue Fund, unless the relevant receiving officer can prove to the satisfaction of the National Treasury that the unspent allocation is committed to identifiable projects. 20 25

(2) The National Treasury may, at the request of a transferring national officer, provincial treasury or municipality, approve—

- (a) a roll-over from a conditional allocation to the next financial year; and 30
- (b) spending of a portion of a conditional allocation on activities related to the purpose of that allocation, where the province or municipality projects significant unforeseeable and unavoidable over-spending on its budget.

(3) Any funds which must revert to the National Revenue Fund in terms of subsection (1), and which have not been approved by the National Treasury to be retained in terms of subsection (2), must be repaid to the National Revenue Fund. 35

(4) The National Treasury, in accordance with subsection (5), may set-off any funds which must be repaid to the National Revenue Fund in terms of subsections (1) and (3), but which have not been repaid—

- (a) in the case of a province, against future conditional grant allocations to that province; and 40
- (b) in the case of a municipality, against future equitable share or conditional grant allocations to that municipality.

(5) Prior to the National Treasury setting-off any amounts against allocations to provinces or municipalities in terms of subsection (4), the National Treasury must give the relevant transferring national officer, province or municipality— 45

- (a) written notice of the intention to set-off amounts against upcoming allocations; and
- (b) an opportunity, within 14 days of receipt of the notice referred to in paragraph (a), to— 50
 - (i) submit written representations that prove to the satisfaction of the National Treasury that the unspent allocation was either spent in

(iii) met betrekking tot artikel 150 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, magtiging verleen aan die betrokke oordragings- nasionale beampte om 'n toekenning gestaak ingevolge artikel 17 namens die betrokke munisipaliteit te bestee.

(b) 'n Toekenning wat bestee word deur die oordragings- nasionale beampte of provinsie wat ingryp, bedoel in paragraaf (a), moet by die toepassing van hierdie Wet geag word 'n Bylae 7-toekenning te wees met ingang van die datum waarop die magtiging verleen word. 5

Omskakeling van Bylae 6- en Bylae 7-toekennings

19. (1) Die Nasionale Tesourie kan, na sy goeë dunde of op versoek van die oordragings- nasionale beampte, 'n toekenning gelys in Bylae 6 omskakel om 'n toekenning te word wat in Bylae 7 gelys word, of 'n toekenning gelys in Bylae 7 omskakel om 'n toekenning te word wat in Bylae 6 gelys word, indien die Nasionale Tesourie oortuig is dat die omskakeling onderbesteding aan die toekenning sal voorkom. 10

(2) 'n Toekenning wat omgeskakel word ingevolge hierdie artikel moet betaal word aan of bestee word namens dieselfde munisipaliteit aan wie die toekenning oorspronklik gedoen is. 15

(3) 'n Omskakeling bedoel in subartikel (1) tree in werking op die datum van publikasie bedoel in artikel 14(2)(c).

(4) Die Nasionale Tesourie moet die oordragings- nasionale beampte en elke ontvangermunisipaliteit wat geraak word, van 'n omskakeling in kennis stel. 20

Onbestede voorwaardelike toekennings

20. (1) Ondanks die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur of die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur wat met oorrolbedrae verband hou, val enige voorwaardelike toekenning, behalwe die Toekenning vir die Gautrein Snelspoor- verbinding en die Aansparingstoekenning ten opsigte van die Uitgebreide Openbare Werke Program, wat, in die geval van 'n provinsie, nie aan die einde van die boekjaar of, in die geval van 'n munisipaliteit, aan die einde van 'n munisipale boekjaar bestee is nie, terug op die Nasionale Inkomstefonds, tensy die betrokke ontvangsbeampte tot bevrediging van die Nasionale Tesourie kan bewys dat die onbestede toekenning vir identifiseerbare projekte bestem is. 25 30

(2) Die Nasionale Tesourie kan, op versoek van 'n oordragings- nasionale beampte, provinsiale tesourie of munisipaliteit—

(a) die oorrol van 'n voorwaardelike toekenning na die volgende boekjaar goedkeur; en 35

(b) die besteding van 'n gedeelte van 'n voorwaardelike toekenning goedkeur aan aktiwiteite wat verband hou met die doel van daardie toekenning, waar die provinsie of munisipaliteit beduidende onvoorsiene en onvermydelike oorbesteding op sy begroting in die vooruitsig stel.

(3) Enige fondse wat ingevolge subartikel (1) op die Nasionale Inkomstefonds moet terugval, en wat nie ingevolge subartikel (2) deur die Nasionale Tesourie goedgekeur is om wel behou te word nie, moet aan die Nasionale Inkomstefonds terugbetaal word. 40

(4) Die Nasionale Tesourie kan, ooreenkomstig subartikel (5), enige fondse verreken wat ingevolge subartikels (1) en (3) aan die Nasionale Inkomstefonds terugbetaal moet word, maar wat nog nie terugbetaal is nie— 45

(a) in die geval van 'n provinsie, teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan daardie provinsie; en

(b) in die geval van 'n munisipaliteit, teen toekomstige billikedeel-toekennings of voorwaardelike toekennings aan daardie munisipaliteit.

(5) Voordat die Nasionale Tesourie ingevolge subartikel (4) enige bedrae teen toekennings aan provinsies of munisipaliteite verreken, moet die Nasionale Tesourie die betrokke oordragings- nasionale beampte, provinsie of munisipaliteit— 50

(a) skriftelike kennis gee van die voorneme om bedrae ter verreken teen toekennings wat op hande is; en

(b) die geleentheid bied, binne 14 dae ná ontvangs van die kennisgewing bedoel in paragraaf (a), om— 55

(i) skriftelike verdoë voor te lê wat tot bevrediging van die Nasionale Tesourie bewys lewer dat die onbestede toekenning óf bestee is

- accordance with the relevant framework, or is committed to identifiable projects;
- (ii) propose alternative means acceptable to the National Treasury by which the unspent allocations can be repaid to the National Revenue Fund; and
 - (iii) propose an alternative payment schedule in terms of which the unspent allocations will be repaid to the National Revenue Fund. 5
- (6) A notice contemplated in subsection (5) must include the intended amount to be set-off against allocations, and the reasons for setting-off the amounts.
- (7) Despite anything else contained within this section, the retention of funds which should revert to the National Revenue Fund in terms of subsections (1) and (3), and which have not been approved by the National Treasury to be retained in terms of subsection (2), constitutes financial misconduct in terms of section 34. 10

CHAPTER 4

MATTERS RELATING TO ALL ALLOCATIONS

Payment schedule 15

- 21.** (1) (a) The National Treasury determines the payment schedule for the transfer of a province's equitable share allocation, after consultation with the head of the department in the provincial treasury.
- (b) In determining the payment schedule, the National Treasury must take account of the monthly spending commitments of provinces and seek to minimise risk and debt servicing costs for national and provincial government. 20
- (c) Despite paragraph (a), the National Treasury may, for cash management purposes relating to the corporation for public deposits account or when an intervention in terms of section 100 of the Constitution is taking place, on such conditions as it may determine, advance funds to a province in respect of its equitable share or a portion of it which has not yet fallen due for transfer in accordance with the payment schedule. 25
- (d) Any advances in terms of paragraph (c) must be set-off against transfers to the province which would otherwise become due in terms of that payment schedule.
- (2) (a) The National Treasury determines the payment schedule for the transfer of a municipality's equitable share allocation, after consultation with the accounting officer of the national department responsible for local government. 30
- (b) Despite paragraph (a), the National Treasury, after consultation with the accounting officer of the national department responsible for local government, may, for cash management purposes in the municipality or when an intervention in terms of section 139 of the Constitution or section 137, 139 or 150 of the Municipal Finance Management Act is taking place, on such conditions as it may determine, approve a request or direct that the equitable share or a portion of it which has not yet fallen due for transfer in accordance with the payment schedule, be advanced to a municipality. 35
- (c) Any advances in terms of paragraph (b) must be set-off against transfers to the municipality which would otherwise become due in terms of the applicable payment schedule. 40
- (3) (a) The National Treasury must approve the payment schedules for a Schedule 4, 5, 6 or 8 allocation transferred to a province or municipality.
- (b) The transferring national officer of a Schedule 4, 5, 6 or 8 allocation must submit a payment schedule to the National Treasury for approval before 14 April 2010. 45
- (c) Prior to the submission of a payment schedule in terms of paragraph (b), the transferring national officer must—
- (i) in relation to a Schedule 4 allocation, consult the relevant receiving officer;
 - (ii) in relation to the Gautrain Rapid Rail Link Grant, ensure that the payment schedule— 50
 - (aa) is consistent with the projected dates for payments to the private party in terms of the public-private partnership agreement entered into by the

- ooreenkomstig die betrokke raamwerk, óf bestem is vir identifiseerbare projekte;
- (ii) alternatiewe wyses voor te stel wat aanvaarbaar is vir die Nasionale Tesourie waarop die onbestede toekennings aan die Nasionale Inkomstefonds terugbetaal kan word; en 5
- (iii) 'n alternatiewe betalingskedule voor te stel ingevolge waarvan die onbestede toekennings aan die Nasionale Inkomstefonds terugbetaal sal word.
- (6) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (5) moet die beoogde bedrag insluit wat teen toekennings verreken moet word, en die redes vir die verrekening van die bedrae. 10
- (7) Ondanks enige ander bepalinge vervat in hierdie artikel, maak die behoud van fondse wat ingevolge subartikels (1) en (3) op die Nasionale Inkomstefonds moet terugval, en wat nie ingevolge subartikel (2) deur die Nasionale Tesourie goedgekeur is om wel behou te word nie, finansiële wangedrag ingevolge artikel 34 uit.

HOOFSTUK 4

15

AANGELEENTHEDE WAT MET ALLE TOEKENNINGS VERBAND HOU

Betalingskedule

21. (1) (a) Die Nasionale Tesourie bepaal die betalingskedule vir die oordrag van 'n provinsie se billikedeel-toekenning ná oorleg met die departementshoof in die provinsiale tesourie. 20
- (b) Wanneer die betalingskedule bepaal word, moet die Nasionale Tesourie die maandelikse bestedingsverbintenisse van provinsies in aanmerking neem en daarna streef om risiko en skuldvereffeningskoste vir die nasionale en provinsiale regering tot die minimum te beperk.
- (c) Ondanks paragraaf (a) kan die Nasionale Tesourie vir kontantbestuursdoeleindes wat verband hou met die rekening by die korporasie vir openbare deposito's of wanneer 'n ingryping ingevolge artikel 100 van die Grondwet plaasvind, op die voorwaardes deur hom bepaal, fondse aan 'n provinsie voorskiet ten opsigte van sy billike deel of 'n gedeelte daarvan wat nog nie vir oordrag ooreenkomstig die betalingskedule betaalbaar geword het nie. 25 30
- (d) Enige voorskotte ingevolge paragraaf (c) moet verreken word teen oordragte aan die provinsie wat anders ingevolge daardie betalingskedule betaalbaar sou word.
- (2) (a) Die Nasionale Tesourie bepaal die betalingskedule vir die oordrag van 'n munisipaliteit se billikedeel-toekenning, ná oorleg met die rekenpligtige beampte van die nasionale departement verantwoordelik vir plaaslike regering. 35
- (b) Ondanks paragraaf (a) kan die Nasionale Tesourie, ná oorleg met die rekenpligtige beampte van die nasionale departement verantwoordelik vir plaaslike regering, vir kontantbestuursdoeleindes in die munisipaliteit of wanneer 'n ingryping ingevolge artikel 139 van die Grondwet of artikel 137, 139 of 150 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur plaasvind, op die voorwaardes wat die Nasionale Tesourie bepaal, 'n versoek goedkeur of opdrag gee dat die billike deel of 'n gedeelte daarvan wat nog nie ooreenkomstig die betalingskedule vir oordrag betaalbaar geword het nie, aan 'n munisipaliteit voorgeskiet word. 40
- (c) Enige voorskotte ingevolge paragraaf (b) moet verreken word teen oordragte aan die munisipaliteit wat anders ingevolge die toepaslike betalingskedule betaalbaar sou word. 45
- (3) (a) Die Nasionale Tesourie moet die betalingskedules vir 'n Bylae 4-, 5-, 6- of 8-toekenning wat aan 'n provinsie of munisipaliteit oorgedra is, goedkeur.
- (b) Die oordragings- nasionale beampte van 'n Bylae 4-, 5-, 6- of 8-toekenning moet 'n betalingskedule aan die Nasionale Tesourie voorlê vir goedkeuring voor 14 April 2010. 50
- (c) Vóór die voorlegging van 'n betalingskedule ingevolge paragraaf (b), moet die oordragings- nasionale beampte—
- (i) met betrekking tot 'n Bylae 4-toekenning, die betrokke ontvangsbeampte raadpleeg; 55
- (ii) met betrekking tot die Toekenning vir die Gautrein Snelspoorverbinding, toesien dat die betalingskedule—
- (aa) ooreenstem met die geprojekteerde datums vir betalings aan die private party ingevolge die openbare-private vennootskapsoreenkoms wat

- relevant province in accordance with regulations issued under the Public Finance Management Act; and
- (bb) reflects the portion of any payments due under the agreement referred to in item (aa) payable from the allocation; and
- (iii) in relation to a Schedule 5 or 6 allocation, consult the relevant province or municipality. 5
- (4) The transferring national officer of a Schedule 4, 5 or 6 allocation must provide the receiving officer with a copy of the approved payment schedule prior to making the first transfer in accordance therewith.

Amendment of payment schedule 10

22. (1) Subject to subsection (2), a transferring national officer of a Schedule 4, 5 or 6 allocation must, within seven days of the withholding or stopping of an allocation in terms of section 16 or 17, amend a payment schedule as a result of the withholding or stopping of an allocation in terms of this Act and submit the amended payment schedule to the National Treasury, prior to any further transfers being made. 15
- (2) The National Treasury may, in the interest of better debt and cash-flow management or to deal with financial mismanagement or financial misconduct, slow spending or accelerated spending, amend any payment schedule for an allocation listed in Schedule 2, 3, 4, 5 or 6 on notification to—
- (a) the accounting officer of a provincial treasury, in the case of a provincial allocation; and 20
- (b) the accounting officer of the national department responsible for local government, in the case of a local government allocation.
- (3) A payment schedule amended in terms of subsection (1) or (2) must take account of— 25
- (a) the monthly spending commitments of provinces or municipalities;
- (b) the revenue at the disposal of provinces or municipalities; and
- (c) the minimisation of risk and debt servicing costs for all three spheres of government.
- (4) An amendment of a payment schedule in terms of subsection (2) prevails over any amendment made in terms of subsection (1). 30
- (5) The transferring national officer must immediately inform the receiving officer of any amendment to a payment schedule in accordance with subsection (1) or (2).

Transfers made in error or fraudulently

23. (1) Despite anything to the contrary contained in any law, the transfer of an allocation to a province, municipality or public entity in error or fraudulently is regarded as not legally due to that province, municipality or public entity, as the case may be. 35
- (2) A transfer contemplated in subsection (1) must be recovered, without delay, by the responsible transferring national officer.
- (3) Despite subsection (2), the National Treasury may instruct that the recovery contemplated in subsection (2) be effected by set-off against future transfers to the province, municipality or public entity, which would otherwise become due in accordance with a payment schedule. 40

Allocations not listed in Schedules

24. (1) An allocation, other than— 45
- (a) a re-allocation referred to in section 18 or in respect of the Expanded Public Works Programme Incentive Grant; or
- (b) a revised indicative allocation in respect of a Schedule 7 or 8 grant, which is not listed in the Schedules referred to in sections 7 and 8, may only be made in terms of section 6(3). 50
- (2) The National Treasury must publish the allocations and frameworks for such allocations in the *Gazette*, prior to the transfer of any funds to a province or municipality.

- ooreenkomstig regulasies uitgereik kragtens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur deur die betrokke provinsie gesluit is; en
- (bb) die gedeelte van enige betalings betaalbaar kragtens die ooreenkoms bedoel in item (aa) wat uit die toekenning betaalbaar is, weergee; en
- (iii) met betrekking tot 'n Bylae 5- of 6-toekenning, die betrokke provinsie of munisipaliteit raadpleeg. 5
- (4) Die oordragings- nasionale beampte van 'n Bylae 4-, 5- of 6-toekenning moet die ontvangsbeampte voorsien van 'n afskrif van die goedgekeurde betalingskedule voordat die eerste oordrag daaroooreenkomstig gedoen word.

Wysiging van betalingskedule

10

22. (1) Behoudens subartikel (2) moet 'n oordragings- nasionale beampte van 'n Bylae 4-, 5- of 6-toekenning binne sewe dae ná die weerhouding of staking van 'n toekenning ingevolge artikel 16 of 17, 'n betalingskedule wysig as gevolg van die weerhouding of staking van 'n toekenning ingevolge hierdie Wet en, voordat enige verdere oordragte gedoen kan word, die gewysigde betalingskedule aan die Nasionale Tesourie voorlê. 15

(2) Die Nasionale Tesourie kan, in die belang van beter skuld- en kontantvloei bestuur of om aandag te gee aan finansiële wanbestuur of wangedrag, stadige besteding of versnelde besteding, enige betalingskedule vir 'n toekenning gelys in Bylae 2, 3, 4, 5 of 6 wysig met kennisgewing aan— 20

- (a) die rekenpligtige beampte van 'n provinsiale tesourie, in die geval van 'n provinsiale toekenning; en
- (b) die rekenpligtige beampte van die nasionale departement verantwoordelik vir plaaslike regering, in die geval van 'n plaaslikeregeringstoekenning.

(3) 'n Betalingskedule gewysig ingevolge subartikel (1) of (2) moet— 25

- (a) die maandelikse bestedingsverbintenisse van provinsies of munisipaliteite in aanmerking neem;
- (b) die inkomste tot die beskikking van provinsies of munisipaliteite in aanmerking neem; en
- (c) in aanmerking neem dat risiko's en skuldvereffeningskoste vir al drie die regeringsfere tot die minimum beperk moet word. 30

(4) 'n Wysiging van 'n betalingskedule ingevolge subartikel (2) het voorrang bo enige wysiging ingevolge subartikel (1) aangebring.

(5) Die oordragings- nasionale beampte moet die ontvangsbeampte onmiddellik in kennis stel van enige wysiging aan 'n betalingskedule ooreenkomstig subartikel (1) of (2). 35

Oordragte wat per abuis of bedrieglik gedoen word

23. (1) Ondanks enige andersluidende bepalings in enige wet vervat, word die oordrag van 'n toekenning aan 'n provinsie, munisipaliteit of openbare entiteit wat per abuis of bedrieglik gedoen word, geag nie regmatig verskuldig te wees nie aan daardie provinsie, munisipaliteit of openbare entiteit, na gelang van die geval. 40

(2) 'n Oordrag beoog in subartikel (1) moet sonder versuim deur die verantwoordelike oordragings- nasionale beampte verhaal word.

(3) Ondanks subartikel (2) kan die Nasionale Tesourie opdrag gee dat die verhaling in subartikel (2) beoog, bewerkstellig word deur verrekening teen toekomstige oordragte aan die provinsie, munisipaliteit of openbare entiteit, wat anders ooreenkomstig 'n betalingskedule verskuldig sal word. 45

Toekennings nie in Bylaes gelys nie

24. (1) 'n Toekenning, behalwe—

- (a) 'n hertoekenning bedoel in artikel 18 of ten opsigte van die Aansporings- toekenning ten opsigte van die Uitgebreide Openbare Werke Program; of 50
- (b) 'n hersiene aanduidende toekenning ten opsigte van 'n Bylae 7- of 8-toekenning, wat nie in die Bylaes bedoel in artikels 7 en 8 gelys is nie, mag slegs ingevolge artikel 6(3) gedoen word.

(2) Die Nasionale Tesourie moet, vóór die oordrag van enige fondse aan 'n provinsie of munisipaliteit, die toekennings en raamwerke vir sodanige toekennings in die Staatskoerant publiseer. 55

Authorisation of expenditure

25. (1) Despite anything to the contrary contained in any law, to defray expenditure of an exceptional nature which cannot, without serious prejudice to the public interest, be postponed to a future appropriation of funds—

- (a) the Minister may, in accordance with section 16 of the Public Finance Management Act and subject to conditions, make an allocation to a province or municipality from the National Revenue Fund; and 5
- (b) the MEC for Finance in a province may, in accordance with section 25 of the Public Finance Management Act and subject to conditions, make an allocation to a municipality from the Provincial Revenue Fund. 10

(2) The relevant treasury must publish any allocation and the conditions subject to which the allocations were made, if any, in the *Gazette*.

(3) In addition to what is provided in subsection (1), and despite any contrary provision contained in any law, the Minister may approve expenditure qualifying for inclusion in an adjustments budget in terms of section 30(2) of the Public Finance Management Act before such an adjustments budget is passed. 15

(4) Expenditure approved in terms of subsection (3)—

- (a) may not exceed the total amount set aside as a contingency reserve in the national annual budget for the current financial year; 20
- (b) is a direct charge against the National Revenue Fund; and
- (c) must be included either in the next national adjustments budget or in other appropriation legislation tabled in the National Assembly for the financial year in which the expenditure is authorised.

(5) An approval granted by the Minister in respect of money to be appropriated for expenditure already announced by the Minister during the tabling of the annual budget, may be made subject to conditions. 25

(6) The application of this section may be regulated by regulation or treasury instruction.

Preparations for next financial year and 2012/13 financial year

26. (1) (a) A provincial department responsible for implementing the Infrastructure Grant to Provinces must, by a date determined by the provincial treasury, submit detailed infrastructure plans in a format determined by the National Treasury, to the provincial treasury, and the provincial treasury must submit the infrastructure plans to the National Treasury by 31 August 2010. 30

(b) The infrastructure plans must indicate the prioritised projects to be funded from the allocations for the next financial year and the 2012/13 financial year, as set out in Column B of Schedule 4. 35

(c) The provincial treasury must—

- (i) review the infrastructure plans of all receiving officers, and must assess the extent to which those plans are aligned to the Integrated Development Plan of each affected municipality, and submit the integrated plans to the National Treasury by 27 August 2010, together with the provincial budget submission; 40
- (ii) ensure that the infrastructure budgets of the receiving departments include an allocation for project design and the initiation of procurement for projects to be implemented in the next financial year and the 2012/13 financial year, and that infrastructure budgets are aligned with the cash flow requirements of the planned projects in a given year; and 45
- (iii) ensure that the infrastructure budgets of the receiving departments make adequate provision for operations and maintenance associated with newly constructed or upgraded infrastructure. 50

(2) (a) A category C municipality that receives an equitable share, a conditional allocation, or both, in terms of this Act must, using the envisaged conditional allocations to that municipality for the next financial year and the 2012/13 financial year as set out in Column B of the Schedules, by 1 October 2010—

- (i) agree on the provisional allocations and the projects to be funded from those allocations in the next financial year and the 2012/13 financial year with each 55

Magting van uitgawes

25. (1) Ondanks enige andersluidende bepalings in enige wet vervat, ten einde uitgawes van 'n buitengewone aard te bestry wat nie, sonder ernstige benadeling van die openbare belang, tot 'n toekomstige bewilliging van fondse uitgestel kan word nie—
- (a) kan die Minister, ooreenkomstig artikel 16 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en behoudens voorwaardes, 'n toekenning uit die Nasionale Inkomstefonds aan 'n provinsie of munisipaliteit doen; en 5
- (b) kan die LUR vir Finansies in 'n provinsie, ooreenkomstig artikel 25 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en behoudens voorwaardes, 'n toekenning uit die Provinsiale Inkomstefonds aan 'n munisipaliteit doen. 10
- (2) Die betrokke tesourie moet enige toekenning en die voorwaardes onderworpe waaraan toekennings gedoen is, as daar is, in die *Staatskoerant* publiseer.
- (3) Benewens wat in subartikel (1) bepaal word, en ondanks enige andersluidende bepalings in enige wet vervat, kan die Minister uitgawes goedkeur wat, ingevolge artikel 30(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, vir insluiting in 'n aansuiweringsbegroting in aanmerking kom, vóór so 'n aansuiweringsbegroting aangeneem word. 15
- (4) Uitgawes wat ingevolge subartikel (3) goedgekeur word—
- (a) mag nie die totale bedrag oorskry wat in die jaarlikse nasionale begroting vir die lopende boekjaar as 'n gebeurlikheidsreserwe bestem is nie; 20
- (b) is 'n regstreekse las teen die Nasionale Inkomstefonds; en
- (c) moet ingesluit word óf in die volgende nasionale aansuiweringsbegroting óf in ander begrotingswetgewing wat in die Nasionale Vergadering ter tafel gelê word vir die boekjaar waarin die uitgawes gemagtig word.
- (5) 'n Goedkeuring deur die Minister toegestaan ten opsigte van geld wat bewillig staan te word vir uitgawes wat alreeds deur die Minister aangekondig is gedurende die tertafellegging van die jaarlikse begroting, kan aan voorwaardes onderworpe gestel word. 25
- (6) Die toepassing van hierdie artikel kan by regulasie of tesourie-instruksie gereël word. 30

Voorbereidings vir volgende boekjaar en boekjaar 2012/13

26. (1) (a) 'n Provinsiale departement verantwoordelik vir die implementering van die Infrastruktuurtoekenning aan Provinsies moet, teen 'n datum deur die provinsiale tesourie bepaal, gedetailleerde infrastruktuurplanne aan die provinsiale tesourie voorlê in 'n formaat deur die Nasionale Tesourie bepaal, en die provinsiale tesourie moet die infrastruktuurplanne teen 31 Augustus 2010 aan die Nasionale Tesourie voorlê. 35
- (b) Die infrastruktuurplanne moet die geprioritiseerde projekte aandui wat gefinansier staan te word uit toekennings vir die volgende boekjaar en die boekjaar 2012/13, soos uiteengesit in Kolom B van Bylae 4.
- (c) Die provinsiale tesourie moet— 40
- (i) die infrastruktuurplanne van al die ontvangsbeamptes hersien, en moet die mate beoordeel waarin daardie planne in ooreenstemming is met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van elke munisipaliteit wat geraak word, en die geïntegreerde planne, tesame met die provinsiale begrotingsvoorlegging, teen 27 Augustus 2010 aan die Nasionale Tesourie voorlê; 45
- (ii) toesien dat die infrastruktuurbegrotings van die ontvangerdepartemente 'n toekenning insluit vir die projekontwerp en die inisiëring van verkryging vir projekte wat in die volgende boekjaar en die boekjaar 2012/13 geïmplementeer staan te word, en dat infrastruktuurbegrotings in 'n gegewe jaar in ooreenstemming gebring word met die kontantvloei vereistes van die beplande projekte; en 50
- (iii) toesien dat die infrastruktuurbegrotings van die ontvangerdepartemente voldoende voorsiening maak vir werksaamhede en instandhouding wat verband hou met nuut opgerigte of opgegradeerde infrastruktuur.
- (2) (a) 'n Kategorie C-munisipaliteit wat 'n billike deel, 'n voorwaardelike toekenning, of albei, ingevolge hierdie Wet ontvang, moet, deur gebruik te maak van die beoogde toekennings aan daardie munisipaliteit vir die volgende boekjaar en die boekjaar 2012/13 soos uiteengesit in Kolom B van die Bylaes, teen 1 Oktober 2010— 55
- (i) met elke kategorie B-munisipaliteit binne die kategorie C-munisipaliteit se jurisdiksiegebied ooreenkom oor die voorwaardelike toekennings en die 60

category B municipality within the category C municipality's area of jurisdiction; and

(ii) submit to the transferring national officer—

(aa) the provisional allocations referred to in subparagraph (i); and

(bb) the prioritised projects contemplated in subparagraph (i) listed per municipality to be funded from the allocations for the next financial year and the 2012/13 financial year. 5

(b) Where a category C municipality and a category B municipality cannot agree on the allocations and projects referred to in paragraph (a), the category C municipality must request the relevant transferring national officer to facilitate agreement. 10

(c) The transferring national officer must take all necessary steps to facilitate agreement as soon as possible, but no later than 60 days after receiving a request referred to in paragraph (b).

(d) Any proposed amendment or adjustment of the allocations published in terms of section 29(3)(b) must be agreed with the relevant category B municipality, the transferring national officer and the National Treasury, prior to the submission of the allocations referred to in paragraph (a)(ii). 15

(e) Should agreement not be reached between the category C municipality and the category B municipality on the provisional allocations and projects referred to in paragraph (a) prior to 1 October 2010, the National Treasury may proceed to determine the provisional allocations and provide those provisional allocations to the municipalities concerned and the transferring national officer. 20

(f) (i) The final allocations based on the provisional allocations referred to in paragraphs (a)(i) and (ii) and (e) must be submitted to the National Treasury by 7 December 2010. 25

(ii) If the transferring national officer fails to submit the allocations referred to in subparagraph (i) by 7 December 2010, the National Treasury may determine the appropriate allocations, taking into consideration the envisaged allocations for the next financial year.

(3) (a) The transferring national officer of a conditional allocation, using the envisaged conditional allocations for the next financial year and the 2012/13 financial year as set out in Column B of the Schedules to this Act, must, by 1 October 2010, submit to the National Treasury for approval— 30

(i) the provisional allocations to each province or municipality in respect of new conditional allocations to be made in the next financial year; 35

(ii) any amendments to the envisaged allocations for each province or municipality set out in Column B of the Schedules in respect of existing conditional allocations; and

(iii) the draft frameworks for the allocations referred to in subparagraphs (i) and (ii) in the format to be determined by the National Treasury. 40

(b) Any proposed amendment or adjustment for the next financial year of the allocation criteria of an existing conditional allocation must be agreed with the National Treasury prior to the submission of the provisional allocations and draft frameworks referred to in paragraph (a)(ii) and (iii).

(c) The National Treasury may, if the transferring national officer fails to comply with paragraph (a) by 1 October 2010, determine— 45

(i) the provisional allocations referred to in paragraph (a)(i);

(ii) any amendments to the envisaged allocations referred to in paragraph (a)(ii); and

(iii) the draft frameworks for the allocations referred to in paragraph (a)(iii), and submit that information to the relevant provinces or municipalities. 50

(d) (i) The final allocations based on the provisional allocations referred to in paragraph (a)(i) and (ii) must be submitted to the National Treasury by 7 December 2010.

(ii) If the transferring national officer fails to submit the allocations referred to in subparagraph (i) by 7 December 2010, the National Treasury may determine the appropriate allocations, taking into consideration the envisaged allocations for the next financial year. 55

(4) The National Treasury may, in preparation for the next financial year, instruct transferring national officers, receiving officers and municipalities to submit to it such 60

projekte wat in die volgende boekjaar en die boekjaar 2012/13 uit daardie toekennings gefinansier moet word; en

- (ii) (aa) die voorwaardelike toekennings bedoel in subparagraaf (i); en
 (bb) die geprioritiseerde projekte bedoel in subparagraaf (i), gelys volgens munisipaliteit, wat vir die volgende boekjaar en die boekjaar 2012/13 uit die toekennings gefinansier moet word, aan die oordragings- nasionale beampte voorlê. 5

(b) Waar 'n kategorie C-munisipaliteit en 'n kategorie B-munisipaliteit nie oor die toekennings en projekte bedoel in paragraaf (a) kan ooreenkom nie, moet die kategorie C-munisipaliteit die betrokke oordragings- nasionale beampte versoek om ooreenkoms te fasiliteer. 10

(c) Die oordragings- nasionale beampte moet al die nodige stappe doen om so spoedig moontlik, maar nie later nie as 60 dae ná ontvangs van 'n versoek bedoel in paragraaf (b), die bereiking van 'n ooreenkoms te fasiliteer.

(d) Daar moet, vóór die voorlegging van die toekennings bedoel in paragraaf (a)(ii), met die betrokke kategorie B-munisipaliteit, die oordragings- nasionale beampte en die Nasionale Tesourie ooreengekom word oor enige voorgestelde amendement of aanpassing van die toekennings ingevolge artikel 29(3)(b) gepubliseer. 15

(e) Indien ooreenkoms nie voor 1 Oktober 2010 tussen die kategorie C-munisipaliteit en die kategorie B-munisipaliteit oor die voorwaardelike toekennings en projekte bedoel in paragraaf (a) bereik kan word nie, kan die Nasionale Tesourie voortgaan om voorwaardelike toekennings te bepaal en daardie voorwaardelike toekennings aan die betrokke munisipaliteite en die oordragings- nasionale beampte te verskaf. 20

(f) (i) Die finale toekennings gebaseer op die voorwaardelike toekennings bedoel in paragrawe (a)(i) en (ii) en (e) moet teen 7 Desember 2010 aan die Nasionale Tesourie voorgelê word. 25

(ii) Indien die oordragings- nasionale beampte versuim om die toekennings bedoel in subparagraaf (i) teen 7 Desember 2010 voor te lê, kan die Nasionale Tesourie die gepaste toekennings bepaal, met inagneming van die beoogde toekennings vir die volgende boekjaar. 30

(3) (a) Die oordragings- nasionale beampte van 'n voorwaardelike toekenning moet, deur gebruik te maak van die beoogde voorwaardelike toekennings vir die volgende boekjaar en die boekjaar 2012/13 soos uiteengesit in Kolom B van die Bylaes by hierdie Wet, teen 1 Oktober 2010—

- (i) die voorwaardelike toekennings aan elke provinsie of munisipaliteit ten opsigte van nuwe voorwaardelike toekennings wat in die volgende boekjaar gedoen moet word; 35
 (ii) enige wysigings aan die beoogde toekennings vir elke provinsie of munisipaliteit uiteengesit in Kolom B van die Bylaes ten opsigte van bestaande voorwaardelike toekennings; en 40
 (iii) die konsepraamwerke vir die toekennings bedoel in subparagrawe (i) en (ii) in die formaat wat deur die Nasionale Tesourie bepaal moet word, 40

vir goedkeuring aan die Nasionale Tesourie voorlê.

(b) Vóór die voorlegging van die voorwaardelike toekennings en konsepraamwerke bedoel in paragraaf (a)(ii) en (iii) moet daar met die Nasionale Tesourie ooreengekom word oor enige voorgestelde wysiging aan of aanpassing van die toekenningskriteria van 'n bestaande voorwaardelike toekenning vir die volgende boekjaar. 45

(c) Die Nasionale Tesourie kan, indien die oordragings- nasionale beampte versuim om teen 1 Oktober 2010 aan paragraaf (a) te voldoen—

- (i) die voorwaardelike toekennings in paragraaf (a)(i) bedoel, bepaal; 50
 (ii) enige wysigings aan die beoogde toekennings in paragraaf (a)(ii) bedoel, bepaal; en

(iii) die konsepraamwerke vir die toekennings bedoel in paragraaf (a)(iii) bepaal, en daardie inligting aan die betrokke provinsies of munisipaliteite voorlê.

(d) (i) Die finale toekennings gebaseer op die voorwaardelike toekennings bedoel in paragraaf (a)(i) en (ii) moet teen 7 Desember 2010 aan die Nasionale Tesourie voorgelê word. 55

